

# St. Leo die Grote

## 10 November

(ca. 395-461)

Hy word in 440 tot pous verkies en begin homself dadelik bewys as uitstekende prediker, sieleherder en administrateur. Uit die 96 homilieë van hom wat behoue gebly het asook talle briewe wat bewaar is, leer ons hom ken as kampvegter van die Kerk en die Evangelie. Sy geloof in God was onwrikbaar. Hy word beskou as een van die merkwaardigste opvolgers van die heilige Petrus en volgens oorlewering het selfs die barbaarse Hunne onder leiding van hul bloeddorstige leier, Attila, die aftog voor hom geblaas, toe hy hulle sonder enige wapens of soldate tegemoet gegaan het om hul opmars na Rome te stuit. Tydens die 21 jaar van sy pontifikaat het hy die liefde en bewondering gewen van almal met wie hy in aanraking gekom het. .

© Die Oratorium Uitgewery